

Klarigheid oor kernafval nodig

Kernkragopwekking het veel meer voor- as nadele – mits waaksaamheid oor veiligheidsmaatreëls nóóit verslap word nie.

Dit is goedkoop, veilig en pomp nie skadelike koolstofdiksied die atmosfeer in nie. Voorts beskik die wêreld oor baie uraan, in teenstelling met beperkte voorrade olie en steenkool.

Tóg is daar wye weerstand teen dié vorm van kragopwekking, deels omdat die ongelukke by Tsjernobil en Three Mile Island die ysingwekkende gevolge van radioaktiewe bestraling hard en duidelik tuisgebring het.

Die Kaapse stadsraad is dus met reg bekommerd oor Eskom se plan om teen 2018 'n tweede kernreaktor naby Koeberg in werking te hê, maar sonder dat hy verantwoordelikheid vir die kernafval wil aanvaar.

Tans word 20 ton kernafval elke 18 maande by Koeberg gegenerereer, wat net daar geberg word. Koeberg is wel toegerus om hoëgraadse afval te berg, maar nog 'n kernkragentrale sal dubbeld die hoeveelheid afval beteken.

Die stadsraad sal korrek optree as hy weier om 'n tweede kernkragentrale toe te laat voor daar duidelikheid oor die gepaardgaande verantwoordelikheid is.

Die Nasionale Kernreguleerder moet vinnig ingryp om plaaslike inwoners en die raad se vrese oor dié sensitiewe kwessie te besweer.

Ook die inwoners naby Eskom se twee ander beplande kernkragentrales – suidoos van Pearly Beach en naby Kaap St. Francis in die Oos-Kaap – moet weet dat hul veiligheid voorop gestel word voor konstruksie begin.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."

"This article represents the text exactly as it was published